# Calvyn oor die Kerk as Moeder

***Prof. dr A.D. Pont***
***Posbus 35838***
***MENLOPARK***
***0102***

**Samevatting**

*In Boek IV van die Institusie van die Christelike godsdiens handel Calvyn oor: "Die uiterlike hulp- en ondersteuningsmiddels waardeur God ons tot die gemeenskap met Christus uitnooi en ons daarin hou." Hierdie heldere onderskeiding wat Calvyn maak tussen die onsigbare kerk van die Geloofsbelydenis wat ons nie kan sien nie en die sigbare kerk met sy duidelike onderskeidingstekens, word soms in die kerklike debat nie genoeg waardeer nie. Juis oor hierdie saak is daar in die laaste paar jaar weer 'n debat in die Ned. Hervormde Kerk van Afrika gaande en dan veral oor die vraag van deelname aan die Engels-Amerikaans-bepaalde 'ekumene'. Hier word 'n paar argumente na vore gebring waarom dit tog volkome verantwoord is om die sigbare kerk as moeder van die gelowiges te sien selfs wanneer so 'n kerk die Afrikaner-gelowige se taal, kultuur en verstaan van die Woord van God respekteer en handhaaf. Die teologiese vraag wat hier ook 'n rol speel naamlik of Christus die Verlosser uit die sonde is of primêr die Bevryder uit die maatskaplik-politieke nood, word hier slegs genoem, maar nie uitvoerig behandel nie.*

**Synopsis**

*In Book IV of Calvin's* **Institutes of the Christian Religion** *he treated the following: "The external help- and supporting instruments through which God invites fellowship with Christ and keeps us therein." This clear distinction which Calvin made between the invisible church of the Confession of faith which we cannot see, and the visible church with its distinguishable signs, is not always appreciated enough in the ecclesiastical discussions. It is exactly on this issue that a debate has been conducted the last few years in the Ned. Hervormde Church in Africa dwelling especially on the issue of participation in the English-American determined form of 'ecumenical' cooperation. Here a few arguments are mentioned to*

*prove why it is completely justifiable to see the visible church as* ***mother of believers*** *even when such a church respect and maintains the "Afrikaner" believer's language, culture concept and interpretation of the Word of God. The theological which also plays a role in this instance is whether Christ is Saviour from sin, or primarily the Liberator from socio-political need. This, however, is only mentioned here, but not treated in detail.*

## 1. Inleiding

Die groot kerkvader, Martin Luther, het die opmerking gemaak dat die begrip '**kerk'** 'n moeilike begrip is om te presiseer, omdat die woord so baie betekenisse het. As in ons dae, byvoorbeeld, na al die strukture wat **kerk** genoem word gekyk word, dan is dit soms moeilik om die verband tussen daardie strukture en Jesus Christus, die Here, wat as Hoof van die kerk aangedui word, te sien.

Waarskynlik hang dit met die werklikheid saam dat na die begrip **kerk** se primêre betekenis verwys word as **'n uiterlike hulpmiddel.** Daardeur roep die Here God die gelowiges tot gemeenskap met Jesus Christus om hulle deur sy Woord en Gees te onderrig en te lei. Daarvoor gebruik Hy diensknegte wat die Evangelie aan die gelowiges moet verkondig. Dat hierdie taak en opdrag vir die gelowiges, wat die kerk is en die diensknegte wat hulle lei, dikwels te veel is, dui weer op die werklikheid dat die mens inderdaad "… van nature geneig (is) om God en sy naaste te haat" (*Heidelbergse Kategismus,* S2). Dit is ook die rede waarom die gemeenskap van gelowiges en sy ampsdraers hier op aarde altyd maar 'n voorlopige en onvolmaakte liggaam is.

Om dit verder te verduidelik kan die kerkvader, Johannes Calvyn, se ***Onderwysing of Institusie van die Christelike Godsdiens*** hieroor geraadpleeg word. Calvyn se bespreking van die plek en die taak van die kerk kan in die ***Institusie,*** Boek 4, gevind word. Daar stel Calvyn in Hfst. 1: "… dat Christus ons eiendom word deur die geloof in die evangelie en dat ons daardeur (= die geloof) in die heil en ewige geluksaligheid wat deur Hom gebring is, deel. Omdat ons egter in ons onkunde en traagheid … **uiterlike hulpmiddels** nodig het om die geloof in ons te verwek, te laat aangroei en na sy doel te laat vorder, het God hierdie skat by die kerk gelaat." Hier omskryf Calvyn die kerk as 'n uiterlike hulpmiddel wat God gegee het, sodat die gelowiges daardeur die heil kan ontvang. Die kerk as uiterlike hulpmiddel is egter nie die heil nie.

Dit is verder nodig om daarop te let dat Calvyn **die heil, die verlossing uit die sonde deur die geloof in Jesus Christus en wat daarmee saamgaan** in die eerste drie boeke van die ***Institusie*** behandel. Calvyn sluit sy bespreking van die heil af met die leer van die laaste dinge, die vervulling van God se beloftes. Dit staan dan aan die einde van Boek 3.

Daarna, in Boek 4, behandel Calvyn die kerk as een van die uiterlike middels waardeur die mens die heil ontvang. God het die kerk, die gemeenskap van die gelowiges met sy vaste struktuur, gegee as ʼn onmisbare hulp om tot die heil te kom. Calvyn stel die belangrikheid en noodsaaklikheid van die kerk in ***Institusie*** 4.1.10 so: "Want die Here ag die gemeenskap met sy kerk van soveel waarde dat Hy almal wat hulle met minagting van enige Christelike gemeenskap wat die ware bediening van die Woord en sakramente eerbiedig, vervreem, as ʼn droster en ʼn verraaier van die godsdiens beskou … Daaruit volg dat afvalligheid van die kerk op verloëning van God en Christus neerkom."

Hierdie onderskeid word ook duidelik, indien op Calvyn se **Kategismus**, vraag en antwoord 101 gelet word, waar daarop gewys word dat in die 12 Artikels, die Geloofsbelydenis, **die geloof dat daar ʼn onsigbare kerk is,** uitspreek. ʼn Sigbare kerk word gesien en nie bely nie.

## 2. Die sigbare en onsigbare Kerk

Calvyn sien die kerk egter nie slegs of uitsluitlik as ʼn uiterlike hulpmiddel nie. Dit blyk daaruit dat hy uitvoerig handel oor die onderskeid tussen die **onsigbare kerk,** waarvan die gelowiges, volgens die Geloofsbelydenis, glo dat dit bestaan en die **sigbare kerk** wat met die oog gesien kan word – vgl. ***Institusie*** 4.1.2. Hoewel Calvyn in Boek 4 van sy ***Institusie*** in hoofsaak oor die sigbare kerk handel, stel hy dit tog dat die kerk twee kante het. Dit dan na aanleiding van die Apostoliese Geloofsbelydenis waar, dadelik na die belydenis van geloof in die Heilige Gees, bely word dat daar een, heilige, algemene, Christelike kerk is. Daarop volg dan die belydenis oor die vergewing van die sondes, die opstanding van die vlees en die ewige lewe. Hier, in die Geloofsbelydenis, word die kerk as deel van die heil wat die Heilige Gees gee en bewerk, genoem.

So gesien, is dit duidelik dat dit hier oor **die onsigbare kerk** gaan wat die somtotaal van die uitverkorenes is (*HK*, S21). Daardie kerk is ʼn voorwerp van die geloof en die geloof is weer, volgens Heb. 11:1: "ʼn vaste vertroue op dié dinge wat ons hoop, ʼn bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Die bestaan van die een, heilige, algemene, Christelike kerk van die Geloofsbelydenis, is so gesien, ʼn saak van geloof, dit is onsigbaar, want dit is die gemeenskap van die uitverkorenes wat alleen aan God bekend is (vgl. *HK*, S22). Dit is ʼn gestalte van die heil.

Daarom is dit noodsaaklik om weer daarop te let dat **die eienskappe van die onsigbare kerk** reeds bestaan, nl. sy eenheid, heiligheid, algemeenheid en Christelikheid. Dit hoef nie deur die mens of die gelowiges bewerk te word nie, want dit is die eienskappe van die gemeenskap van die uitverkorenes van alle tye. Die onsigbare kerk, die vergadering van die ware gelowiges wat slegs aan God bekend is, is ʼn gegewe.

Daar is egter, volgens Calvyn, ŉ duidelike verband tussen die sigbare en die onsigbare kerk. Calvyn verduidelik dit so: die heil in Christus, wat God aan die mens gee, loop langs twee paaie – enersyds skenk die Heilige Gees die heil aan die mens. Deur die verborge werking van die Heilige Gees ontvang die mens die geloof in Christus en kry so deel aan al die genadegawes wat Christus vir die gelowiges bewerk het. Andersyds is daar **uiterlike hulpmiddels** wat die Heilige Gees gebruik, waardeur sy verborge, innerlike werking na die mens kom. Daardie uiterlike hulpmiddels is die kerk, die verkondiging van die Woord en sakramente, die eenheid in die leer en so meer. So word die sigbare kerk as die uiterlike hulpmiddel deur God gebruik om sy heilsplan, die saligheid van die uitverkorenes, ŉ werklikheid te maak. So is die onsigbare kerk uiteindelik die ware kerk, omdat die heil daar ŉ werklikheid is. Die sigbare kerk is nie meer as ŉ middel om daardie werklikheid tot stand te bring nie.

**Die sigbare kant** van die kerk kom na vore in die werking van die uiterlike hulpmiddels. Die uiterlike hulpmiddels bereik al die gedooptes wat tot die verbond met God behoort en gaan selfs verder. As die onsigbare kerk van die uitverkorenes ter sprake kom, is dit duidelik dat dit nie alle mense omvat of kan omvat nie. Daar is immers altyd ŉ spanning tussen die aanbod van die heil, die verkondiging van die Evangelie en die daadwerklike geloof. Calvyn stel dit so in ***Institusie*** 3.1.1: " … ons sien dat nie almal sonder onderskeid die deelname in Christus … aanneem nie. Dit is tog alleen deur die werking van die Gees dat ons Christus en al sy seëninge kan geniet."

Calvyn se onderskeid tussen die onsigbare en sigbare kerk kan miskien so getipeer word: die onsigbare kerk handel oor die gemeenskap van die uitverkorenes en het die uitverkiesing as sy grondslag. Die sigbare kerk is die hele gedoopte gemeente, die verbond tussen God en mens waarvan die doop die teken is. Die sigbare kerk is die hulpmiddel waardeur ons na die onsigbare kerk van die ware en uitverkore gelowiges gelei word. Die gelowige kan nie lid word van die onsigbare kerk anders as dat die mens in en uit die sigbare kerk, wat **die moeder van die heil** is, gebore word nie.

Calvyn se waardering vir die sigbare kerk is nie te uitbundig nie omdat dit, as kerk van die gedooptes, tog baie geveinsdes huisves. Hy oordeel egter dat die sigbare kerk geag moet word, want dit is nie die lede wat die egtheid of die geloofwaardigheid van die kerk bepaal nie, maar die roeping van die kerk – ***Institusie*** 4.1.8. Daar sê Calvyn: "Omdat God egter aan die ander kant voorsien het dat dit in ŉ sekere mate tot ons voordeel is om te weet wie ons as God se kinders moet beskou, het Hy Hom in hierdie verband by ons bevatlikheid aangepas. En aangesien geloofsekerheid nie daarvoor noodsaaklik was nie, het Hy ŉ sekere liefdesoordeel in die plek daarvan gestel, sodat ons almal as lidmate van

die kerk kan herken wat sowel in geloofsbelydenis as in lewenswandel en die deelname aan die sakrament bely dat hulle een en dieselfde God en Christus saam met ons bely.”

Nadat Calvyn die kenmerke van die gelowiges so aangedui het, volg daarop die kenmerke van die sigbare kerk. Die sigbare kerk, daar waar God met sy Gees woon en werk, die moeder-kerk dus, kry ons daar waar die Woord van God suiwer verkondig en aangehoor word en waar die sakramente volgens die instelling van Christus bedien word – ***Institusie*** 4.1.9.

## 3. Die sigbare kerk as moeder

Die manier waarop Calvyn dan die **funksionele karakter** van die kerk uitdruk, is die tipering van die sigbare kerk as **moeder.** Calvyn haal die uitspraak van die kerkvader, Cyprianus, aan wat in sy geskrif uit die jaar 251: **De Catholicae Ecclesiae Unitate,** cap vi., betoog : **habere non potest Deum partem qui ecclesiam non habet matrem** (= dit is nie moontlik om God tot Vader te hê as ’n mens nie die kerk as moeder het nie). Dit is nie ŉ verwysing na ŉ Bybelse uitspraak nie, hoewel Calvyn in sy Kommentare by Ef. 4:11-13; 1 Tim. 3:15 en Ps. 87:5 telkens in sy uitleg die beeld van die kerk as moeder gebruik. Vir Calvyn is die aanduiding van die kerk as moeder die manier waarop die funksionele karakter van die kerk as draer van die Woord, die beste aangedui kan word.

Dieselfde argument word ook by Augustinus gevind, onder andere in sy ***Sermones*** (Migne, **Patrologia Latina**, 39, 1512) en in sy geskrif ***de Baptismo*** (Migne, 54, 4.17.24 en 43, 170) en ook in sy ***Confessiones***. Dit is seker nie vreemd nie dat Luther, wat ŉ lid van die Augustyner Monnike-orde was, by Augustinus aansluit waar hy in sy ***Der grosse Katechismus*** van 1529, in sy uitleg van die derde artikel van die geloofsbelydenis, skryf: “Ich gleube das mich der Heilige geist heilig machet wie sein name ist. Womit thuet er aber solche? … Antwort: durch die Christliche kyrche … Denn zum ersten hat er ein sonderliche gemeyne yun der welt welche ist der mutter so ein yglichen Christen zeugt und tregt durch das wort Gottes welches er offenbaret unc treubt, die hersen erleucht und anzündet das sie es fassen, annemen, daran hange, und dabey bleiben.” (O Clemen, ***Luthers Werken in Auswahl***, Bd 4, 5.57) Hieruit word dit duidelik dat Luther en na hom Calvyn, met hierdie siening van die kerk as moeder, binne die raamwerk van die aanvaarde kerklike tradisie gebly het. Calvyn se standpunt word vervolgens nagegaan.

In die ***Institusie*,** 4.1.4, stel Calvyn die saak so: “Omdat ek my egter voorgeneem het om nou oor **die sigbare kerk** te praat, moet ons net uit die enkele woord **moeder** leer hoe nodig, ja hoe noodsaaklik dit is dat ons haar moet leer ken. Daar

is trouens geen ander toetrede tot die lewe tensy die kerk ons in haar skoot ontvang, aan ons geboorte skenk, ons aan haar borste voed en ons onder haar beskerming en leiding bewaak, totdat ons ons sterflike vlees afgelê het en soos die engele is nie. En ons swakheid laat immers ook nie toe dat ons van haar skool weggaan voordat ons ons hele lewe haar leerlinge was nie ... ”

Dit tipeer die funksionele karakter van die kerk en wys daarop dat die moeder nie so belangrik is soos die kinders waarvoor sy sorg nie. Tog is die kerk vir die gelowiges onmisbaar. Verder dui die beeld van die moeder die tydelikheid van die kerk aan. God skep en dra sy kinders deur die bediening van die kerk totdat hulle volwasse is. Die proses begin by die doop wat die invoeging in die verbond met God is. Daarop volg die opvoeding in en deur die leer van die kerk (= die **doctrina =** die prediking van die Evangelie en die wet**)** die kenmerkende moederlike waardeur God sy kinders voortbring. Deur die prediking lei, troos en versterk God die gelowiges in hierdie lewe.

So gesien is die kerk weliswaar ŉ tydelike instrument in God se heilshandelinge. Die kerk is mos nie ŉ doel in haarself nie, want dit is nie meer as ŉ funksie van die koninkryk van God nie. Die onmisbaarheid van die kerk word egter ook beklemtoon, want die kerk is die uiterlike hulpmiddel in God se heilshandelinge. Of, om dit anders te stel: die kerk waar die Woord suiwer verkondig word, is die instrument wat God gewil en geskep het om sy kinders tot die ewige lewe te bring. Hier is, vir Calvyn, die Woord gelyk aan die Evangelie en wel die kerklike bediening daarvan deur geroepe en bevestigde diensknegte of ampsdraers van die kerk (***Institusie*** 4.1.5).

## 4. Enkele opmerkings

Wanneer dit alles in ag geneem word, is dit nie so vreemd dat Calvyn die kerk as **moeder** aangedui het nie. Die aanduiding van die kerk as **moeder** is ŉ bemoediging, ŉ troos, want in die kerk leef die gelowiges onder die ontferming van God, word hulle tuisgemaak, gekoester, onderrig en gevoed met die Evangelie, sodat hulle sal leef uit die geloof in Christus wat die essensiële Evangelie is. So is die moeder-kerk die liggaam wat die gelowiges dra en lei totdat hulle dienswerk op aarde beëindig is.

Dan is die vraag seker: waar is die moeder-kerk op aarde te vinde? Dit is tog duidelik dáár waar die Woord van God suiwer verkondig en aangehoor word en waar die sakramente volgens die instelling van Christus bedien word (***Institusie*** 4.1.9**).** Dit word byna met dieselfde woorde herhaal in art 29 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*. Belangrik is dan Calvyn se opmerking in ***Institusie*** 4.1.10: “Dit is ook van geen geringe belang dat die kerk die pilaar en grondslag van die

waarheid en die huis van God genoem word nie. Met hierdie woorde dui Paulus aan dat die kerk ŉ getroue bewaarder van **God se waarheid** is om te voorkom dat dit in die wêreld tot niet sou gaan. God wou immers deur die dienswerk van die kerk die verkondiging van sy Woord suiwer hou …”

ŉ Wesenlike probleem ontstaan as in die kerk en deur die kerk die verkondiging van die Woord nie meer suiwer (= volgens die Evangelie) is nie. Dan versaak die kerk haar dienswerk as dienskneg van God en as moeder van die gelowiges en kom die funksie van die kerk as uiterlike middel om die heil aan die gelowiges te bemiddel, in gedrang.

So ontstaan in ons dae ŉ struikelblok wanneer **die eenheid van die kerk,** wat ŉ kenmerk van die onsigbare kerk is, as ŉ sigbare, fisiese of strukturele eenheid geproklameer word, waaraan die sigbare kerk in die wêreld moet beantwoord.

Oor die sigbare kerk skryf Calvyn in ***Institusie*** 4.1.9 ook: “… Die universele (= algemene) kerk is ŉ menigte mense wat uit alle volke versamel is; dit is geleë en versprei oor afgeleë plekke maar stem in **die enige waarheid van die Goddelike leer** ooreen en is deur **die band van dieselfde godsdiens** verbind.” So word dit duidelik dat die band van dieselfde godsdiens die eenheid van die kerk skep. Wanneer dan vanuit Calvyn se gesigshoek verder gedink word, is dit so dat daar ŉ duidelike eenheid van sigbare kerke sal bestaan as almal dieselfde “enige waarheid van die Goddelike leer” bely. Die eenheid word nie bepaal deur afstand, nabyheid, eenheid van organisasie of die noodsaaklike of verpligte bywoning van mekaar se godsdiensoefeninge nie. Aan die ander kant kan daar ook nie sprake van **eenheid** wees, as daar ŉ wesenlike verskil in die leer van die kerke of tussen die kerke bestaan nie. So is die ontkenning van die maagdelike geboorte, fisies-liggaamlike opstanding van Jesus Christus of sy ewige Godheid, ŉ baie groter hindernis ten opsigte van die eenheid van die kerk as die gebruik van die Afrikaanse taal as taal van die kerk.

Wanneer Calvyn die kerk omskryf dan blyk dit dat die eenheid nie deur uiterlike dinge bepaal word nie. Hy stel: “Hieronder word **afsonderlike kerke**, wat met inagneming van die behoeftes van mense in dorpe en distrikte geleë is, so ingesluit dat elkeen van hulle tereg die naam en gesag van die kerk het.” Wat dit in die praktyk beteken, blyk seker uit die bestaan van vlugtelingkerke in Genève. Daar was byvoorbeeld die gemeente waar John Knox, die Skotse hervormer, die predikant was. Daar is in Engels gepreek en eredienste gehou. Dit is destyds, in die sestiende eeu, nooit as ŉ doodsonde gesien dat die Franssprekende gemeentes van Genève nie hulle eiesoortigheid opgehef en by daardie Engelssprekende gemeentes aangesluit het om een kerklike struktuur te vorm nie.

Dit is dan duidelik dat die omskrywing in die Ned. Hervormde Kerk van Afrika se ***Kerkorde*****,** Ordereël 4, aansluit by Calvyn se regverdiging van die bestaan van eiesoortige kerke wat op ander vlakke lê as dat die leer van mekaar verskil, waar dit stel: "Die kerk is ŉ volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense." Soos Calvyn dit stel is die sigbare kerk ŉ uiterlike hulpmiddel om die heil aan die gelowiges te laat toekom, **maar dit is nie self die heil nie.** In die ekumeniese beweging is die beklemtoning van die noodsaaklikheid van fisiese, organisatoriese eenheid ŉ belangrike onderdeel van hulle standpunt dat die sigbare kerk self ŉ heilsinstituut is. Dit is egter nie ŉ saak wat ŉ Bybelse grondslag of eis verteenwoordig nie.

Dit is in ons dae nogal opvallend dat Ordereël 4 van die **Kerkorde** van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika, ergernis by diegene verwek wat daarvan oortuig is dat die Afrikaner onder geen omstandighede grense mag stel om sy bestaan en voortbestaan as volk te bestendig nie. Alle ander volke mag dit skynbaar wel doen.[1] Dit lyk of die begrippe **Afrikaner, volkskerk, kultuur, geskiedenis, taal, tradisie** so erg is dat selfs in Engels "**disdain"** en **"dismay" (NHKA, 2006)** uitgespreek word oor die gebruik van hierdie begrippe in ŉ kerklike orde en debat.

Word dit egter in die lig van Calvyn se omskrywing van die kerk op grond van die gegewens van die Bybel gesien, lyk dit tog dat dit hier nie gaan om ŉ teologiese of eksegetiese beswaar nie. Hier, so wil dit voorkom, gaan dit dalk om ŉ politieke, miskien selfs ŉ ideologiese beswaar. Dit is seker verstaanbaar, waar die Christelike lewensorde waarop die samelewing in Suid-Afrika gebou was, in 1994 deur ŉ lewensorde wat op die stelreëls van die wetenskaplike sosialisme gebou is, vervang is. Of, om dit anders te stel, die gehoorsaamheid aan die Woord en Wet van God is deur ŉ akte van menseregte vervang. Dit maak dit verstaanbaar dat

1 Ordereël 4 wat uit die Kerk se teologiese denke voortvloei, is anders as die Engels-Amerikaanse teologiese opvattings wat in die ekumeniese teologie ʼn bepaalde sanksie verkry het. Die oorspronklike Wêreldraad van Kerke-standpunt soos dit op die Evaston-vergadering van 1954 aanvaar is, is nie veel meer as ʼn kerklike aanvaarding van ʼn UNESCO-uitspraak nie. Dit word sondermeer in die Engelse ekumeniese kringe as finaal en gesaghebbend aanvaar. Elkeen wat dit weerspreek is skynbaar ʼn ketter. Die gevolg is dat diegene in die Afrikaanse kerke wat die teologiese opvattings en insigte van die ekumeniese beweging aanvaar het, begrippe soos **Afrikaner, volkskerk, kultuur, geskiedenis, taal, tradisie** nie meer kan waardeer nie. In ʼn gesprek met ʼn besoekende groep van die **World Alliance of Reformed Churches** het die destydse voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, gestel dat hy **dismayed** was oor die standpunte wat sy voorgangers (oor hierdie sake) in die kerk gehuldig het. (***Notule,*** **Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, NHKA, 7 Junie 2006**).

daar ernstige besware sal wees by die aanhangers van die beskouings van die wetenskaplike sosialisme teen begrippe soos: **kerk, volk** en dan veral **volkskerk,** want dit weerspreek van die grondliggende stelreëls van die wetenskaplike sosialisme. Aangesien dit moontlik gevaarlik kan wees om die begrippe wat aanstoot kan gee in ŉ sosialistiese land in ŉ kerklike orde te handhaaf, word nou ge-eis dat begrippe soos **volk, taal, kultuur, tradisie** en dan veral die begrip **Afrikaner** ten alle koste uit die *Kerkorde* verwyder moet word.

Dit is nie vreemd nie, want dit is bekend dat lord Alfred Milner, in 1904 al die ideaal geformuleer het naamlik "to wipe out all traces of Afrikanerism" (Breytenbach, 2002:36; McCord, 1952:25). Hierdie ideaal om die Afrikaner as volk uit te wis, hang saam met die stryd oor die besitreg van die bodemrykdomme van Suid-Afrika. So gesien is dit nie vreemd dat die Afrikanervolk vanaf 1994 weer die stryd moes hervat wat vanaf 1877, dalk selfs vanaf 1806 teen die Afrikaner gevoer word nie: die stryd om ŉ bestaansreg in Suid-Afrika, die stryd vir die behoud en gebruik van ŉ eie taal, die stryd vir eie skole en Christelike moedertaalonderwys, die stryd vir die erkenning van ŉ eie Afrikanerkultuur, die bewaring van die Afrikanertradisie en -geskiedenis, die stryd om die kerk van die Afrikaner te behou as ŉ Afrikaanssprekende kerk wat ŉ moeder van die gelowiges is, om maar enkele daarvan te noem.

## 5. Slotopmerking

Ter samevatting kan die volgende gestel word: teologies gesproke is die aanduiding van die kerk as die moeder van die gelowiges, soos Calvyn dit beskrywe, in ooreenstemming met die Woord van God soos dit in die Bybel voorkom. As ŉ verdere verduideliking van die moederlike funksie van die kerk is Ordereël 4 volkome sinvol in die bestaande *Kerkorde* van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika.

Indien die sigbare kerk as **die moeder van die gelowiges** verstaan word, dan is dit duidelik dat, indien die kerk haarself as **volkskerk** verstaan, daar geen sprake daarvan is dat die kerk daardeur haar roeping of taak as **uiterlike hulpmiddel** om haar kinders tot gemeenskap met Jesus Christus te lei, verloën nie. Inteendeel, dit is die manier waarop die kerk haar opdrag hier, waar sy geroep is, vervul. Daarin lê juis die eiesoortigheid van die kerk. Dit het haar eie karakter bepaal deur haar roeping en opdrag, vanweë die Hoof van die kerk. Daarom behoort die kerk nie haar eie karakter of **doctrina** te wysig of te verander soos die ideologieë van die wêreld kom en gaan nie.

## Bibliografie

BREYTENBACH, J.H. 2002. *Die betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog*. Pamflet.

CALVYN, J. 1991. *Institusie van die Christelike godsdiens*. Bk 4, 1559. Vert. deur Simpson, H.W. Potchefstroom: Calvyn Jubileumboekefonds.

CALVIJN, J. 1953. *Om de eenheid en vrede der kerk 1549***.** Vert. door De Groot, D.J. Amsterdam.
DUVENAGE, A. 2009. *Die Institusie van Calvyn***.** Potchefstroom.
GRAAFLAND, C. 1989. *Kinderen van een moeder***.** Kampen.
HÖPFL, H. 1982. *The Christian polity of John Calvin***.** Cambridge.
McCORD, J.J 1952. *South African struggle.*
MILNER, B.J. 1970. *Calvin's doctrine of the church***.** Leiden.
NHKA. 2006. *Notule*. Kommissie van die algemene kerkvergadering.
OBERMAN, H. 1988. *De erfenis van Calvijn***.** Kampen.
RICHEL, P.J. 1942. *Het kerkbegrip van Calvijn***.** Utrecht.
SCHÜMMER, L. 1981. *L' Ecclésiologie de Calvin à la lumière de l' Ecclesia Mater.* Bern.